“Ek is die Brood van die lewe”

……belangrik in Paastyd
Wie is Jesus werklik – wat sê Hyself

Brood se betekenis in Bybelse tyd?

- 492 keer genoem van Genesis tot Openbaring
- Belangrike voedsel – tipe stapelvoedsel
- Manna in Eks 16
- Vermeerdering van brood in Joh 6
- Jesus se laaste ete – brood = sy liggaam
- Versoeking in Matteus 4

(1) Bethlehem = “Huis van Brood”

Miga 5: 1

EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ’n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.”

(2) Die eerste versoeking

Matteus 4: 3-4

Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.” Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: “'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom. ”

(3) Dan oor na Johannes 6

- “Groot klomp mense” – toets Filippus (200 mense se dagloon) – Andreas en seuntjie

- Twaalf mandjies vol bly oor (betekenis van 12 – Hy maak jou mandjie vol – persoonlike aandag)

Johannes 6: 15

“Toe Jesus merk dat hulle Hom met geweld wil kom koning maak, het Hy verder die berg op gegaan, Hy alleen.”

Verse 30/31

Hulle sê toe vir Hom: “Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen? Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet. ”

Hoekom koning maak?

- Hy gee brood, Hy sorg, maklike lewe saam met Hom

- Waarna “crave” jy? Wat begeer jy?

- Hy wil die hoof aantrekkingskrag wees.
  Hy wil jou enigste vervulling wees.

Verander begeertes van goed/geld/besittings na Hom

Johannes 6 vers 35

Maar Jesus sê vir hulle: “**Ek** is die brood wat lewe gee. Wie na **My** toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in **My** glo, sal nooit weer dors kry nie.”

Vers 48

Ek is die brood wat lewe gee.

Vers 51

Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat **Ek** sal gee, is **my** liggaam. **Ek** gee dit sodat die wêreld kan lewe.

Belangrike vraag vir ons elkeen:

Soek jy brood of soek jy Brood?

(4) Matteus 26: 26

En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: “Neem, eet; dit is my liggaam.”

My eie storie oor brood:

Plattelandse plaasstalle

Reuk van brood…….hoe lyk die brood…..begeerlik

- Eet die Brood
- Koester die Brood
- Hê die Brood lief
- Gee jou lewe vir die Brood